

Openbare vergadering met skole oor transformasie en taal
Klein Nederburg Sekondêre Skool, Newmanstr, Hugonot, Paarl
18:20, Di. 19 September 2017

Opmerkings deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch

INLEIDING

Ek is so bly vir hierdie geleentheid om van aangesig tot aangesig met u te gesels. Vanaand is 'n geleentheid vir ons om te praat oor sake van gemeenskaplike belang. Ons deel graag met u inligting oor die Universiteit, en ons wil graag hoor wat u op die hart het as ons vennote in die onderwyssektor.

OOR DIE US

Nou, die Universiteit Stellenbosch (US) maak dikwels opslae met positiewe stories, soos vroeër vandeemaand met die nuus dat ons plek op die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglys verbeter het. Ons is nou in die kategorie 351–400 nadat ons verlede jaar nog in die kategorie 401–500 geval het. En in Junie het die QS-wêrelduniversiteitsranglys aangekondig ons is nou tweede in Suid-Afrika nadat ons verlede jaar nog derde was.

Dis egter dikwels ander stories wat die voorblaai of die hoofartikels haal. En as mens aan die hand daarvan oordeel, lyk dit of dinge maar rof gaan daar by Maties. Party stories gaan daaroor dat ons nie genoeg doen nie: ons transformeer nie vinnig genoeg nie, of is nog te wit of te Afrikaans of te konserwatief ...

En dan is daar weer ander stories met die strekking, jong, nou gaan julle te ver: julle het nou julle rug op Afrikaans gedraai; Maties is nou net Engels.

Het u dit al gehoor? Laat ek dit hard en duidelik sê, dis nie waar nie. Ek sal herhaal wat ek by my inhuldiging in 2015 gesê het – Stellenbosch is nie 'n Afrikaanse universiteit, of 'n Engelse universiteit of 'n Xhosa universiteit nie. Stellenbosch is 'n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit, 'n nasionale bate wat die hele samelewing dien, nie net 'n bepaalde groep nie.

Dit was juis die probleem in die verlede – dat Stellenbosch net 'n bepaalde groep mense gedien het. Dit was verkeerd. Ek was in my eerste jaar in 1978 – so twee jaar na 1976. Dit was 'n baie onstuimige tyd in die land – en vir Stellenbosch 'n historiese jaar, want vir die eerste keer is bruin studente toegelaat tot die Universiteit. As mens nou na daai apartheidsjare terugkyk, kan jy skaars glo dat ons so uitmekaar gehou is. Die blootstelling wat ons toe aan mekaar gekry het, het eintlik mens se oë laat oopgaan.

Daar was ses bruin studente in my MB,ChB-klas daai jaar, en ek is bly om te sê hulle het almal hulle studies deurgesien en as dokters gekwalifiseer, en so ver ek weet praktiseer hulle steeds in die land.

Dis die rol van onderwys – in die algemeen, en die hoër onderwys spesifiek. Dit bemagtig mense, stel hulle in staat om vooruit te gaan, en ’n verskil te maak in die samelewing.

Dis wat dit vir my so bevredigend maak om in die onderwys te werk – en ek is seker u ervaar dit ook. Dis verrykend, opheffend. Dis wat ons in die oog moet hou – dis die soort TRANSFORMASIE wat DEUR die Universiteit bewerkstellig word. Deur individue en die samelewing in geheel ten goede te omvorm – deur die opleiding wat ons verskaf, die navorsing wat ons doen om samelewingsprobleme op te los (soos armoede, werkloosheid, siektes, korrupsie, ens) en die sosiale impak wat ons maak deur met gemeenskappe in wisselwerking te tree, deur die Universiteit in die gemeenskap in te vat.

Maar daar is ook ’n ander soort TRANSFORMASIE ter sprake, en dit is die transformasie VAN die Universiteit. Want ons is nie ’n ivoortoring nie. Ons bestaan in ’n bepaalde konteks, wat die aard van die Universiteit verander oor tyd heen.

Daardie Universiteit waar ek in 1978 begin studeer het – toe die eerste ses bruin studente toegelaat is – is nou ’n gans ander plek. Stellenbosch is nou ’n baie beter Universiteit as toe ek daar studeer het, en dis ’n feit. Kyk na ons navorsingsuitsette – die afgelope sewe jaar al die hoogste in die land per voltydse akademikus. Kyk na ons studentesukses, m.a.w. studente wat hul modules slaag – konstant bo 85%. Kyk na ons eerstejaarsdeursetkoers, m.a.w. studente wat deurdring na hul tweede jaar – konstant bo 86%, teenoor die nasionale gemiddeld van net 50%. Ek kyk terselfdertyd na die samestelling van ons studentekorps – ons het nou altesaam 40% swart, bruin, Indiër en Asiatiese studente.

Nog ’n verandering is dat Stellenbosch nie meer net Afrikaans as onderrigtaal gebruik nie. Ons kan dit nie doen nie, want dan sluit ons studente uit wat toegang tot kennis nodig het, maar wat dit net via Engels kan doen. Terselfdertyd gaan ons voort met Afrikaans as onderrigtaal want ’n beduidende deel van ons studente het hul toegang tot kennis in Afrikaans nodig.

ONDERRIGTAAL

Twee jaar gelede was die eerste keer dat Engelssprekende studente net meer as 50% by Stellenbosch uitgemaak het. En in ’n meningsopname onder al ons voorgraadse studente vroeër vanjaar het meer as 75% gesê hulle verkies kennisoordrag hetsy in Engels of in Engels én Afrikaans. Selfs van ons Afrikaanstalige studente het 51% gesê hul voorkeurtaal is hetsy Engels of Afrikaans en Engels.

So ons moet Engels as onderrigtaal gebruik – maar terselfdertyd moet ons ook Afrikaans as onderrigtaal gebruik. Dis waartoe ons verbind is, en dis presies wat ons nuwe Taalbeleid wat vanjaar in werking getree het, bepaal. Dit verseker dat alle studente toegang kry tot die US se gesogte akademiese aanbod kry – al is hulle net Engels of net Afrikaans magtig.

ONS REIS

Ek beklemtoon dat ons al 'n ver paadjie gekom het – en dalk nog nie genoeg vordering gemaak het nie, maar ons is vasberade om ons reis van transformasie voort te sit. En ek beskou u as ons vennote.

Dis vir ons baie belangrik dat die kinders wat op ons drumpel grootword, nie na ander Universiteite gaan nie, maar hul drome op Stellenbosch kom verwesenlik. Want nes ons land aan al sy mense behoort – soos die Grondwet bepaal – behoort die Universiteit Stellenbosch aan die hele gemeenskap – nie net 'n bepaalde bevolkingsgroep of taalgemeenskap nie. Maties behoort aan almal.

Die Universiteit reik uit na gemeenskappe sodat ons saam vorentoe kan gaan. Ons Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) in ons Fakulteit Opvoedkunde verleen bystand aan sowel skoolleerders as onderwysers – en die Direkteur van SUNSEP, dr Trevor van Louw, is hoeka hier vanaand.

SUNSEP se skoolgebaseerde intervensies bied leerders die geleentheid om hulle punte in wiskunde en fisiese wetenskappe te verbeter en hulle sodoende vir hoër onderwys help kwalifiseer. Hulle bied ook 'n talentontwikkelingsprogram vir toppresterders in graad 11 en 12 aan.

En SUNSEP het 'n universiteitsvoorbereidingsprogram genaamd SciMathUS – 'n jaar lange program wat studente uit onderwysbenadeelde omstandighede wat nie vir hoër onderwys gekwalifiseer het nie, die geleentheid bied om sekere vakke weer te skryf en sodoende toegang tot hoër onderwys te bekom. Sedert 2013 het bykans 1 000-deelnemers aan hierdie program hul tweede kans suksesvol aangegryp en by Stellenbosch ingeskryf vir 'n graad – jongmense wat aanvanklik glad nie universiteitstoelating gekry het nie.

BEURSE

Nou, akademiese toegang is een ding, maar nie almal het die middele om te gaan studeer nie.

Stellenbosch is een van die universiteite wat die meeste finansiële hulp aan studente bied. Ons het verlede jaar R424 miljoen aan beurse en lenings uitbetaal – waarvan 41% aan bruin studente gegaan het, dit is R174 miljoen. Dis hoe ons toegang probeer verbreed – en dr Gillian Arendse, Adjunkdirekteur van Studentewerwing, is ook hier vanaand om met toeligting te help.

LOOP DIE PAD SAAM MET ONS

Ons reis van transformasie is nog ver van klaar, maar ons is vasbeslote om dit voort sit. My oproep aan u is om die pad saam met ons te loop. Stellenbosch is u wêreldklas universiteit op u voorstoep. Stuur u kinders na ons toe – of hulle nou onderrig in Afrikaans of in Engels benodig. Kom ons bou saam aan 'n beter toekoms. Kom ons gaan saam vorentoe.